Bekering en die Koninkryk

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B105b

Skriflesing uit Matt.3:1-12

Kernvers: 3 –'Bekeer julle want die Koninkryk van die hemele het naby gekom'.

Besef ons dat hierdie twee begrippe hand aan hand saamgaan? Dit is die evangelie…

In die toestand wat die wêreld vandag is, was dit nog nooit God se plan en doel met die mens nie. Dank God dat Hy 'n uiteindelike doel en hawe het vir die mensdom nl. Die Koninkryk van God.

'n Koninkryk waar Sy wil sal geskied soos in die hemel waar Sy Naam verheerlik en geheilig sal word, want die mense daarin sal bekeerde mense wees. Loof die Here!

Johannes was die aankondiger en die weg-bereider daarvan. Alhoewel die Koning alreeds teenwoordig was moes Hy ge-openbaar word.

Johannes het dit so wonderlik eenvoudig aangekondig en saamgevat en gesê: Bekeer julle en verander julle harte, verander julle denke en jul lewens. Bring dit ineenstemming met die Koninkryk van God.

Bring vrugte voort wat by die bekering pas – die mense was aangegryp deur sy boodskap maar die Fariseërs het aanstoot geneem. Johannes het hulle 'addergeslag' genoem omdat hulle net op die uiterlike ingestel was terwyl hulle van binne vol 'doodsbeendere' was.

Daar lê ook vir ons 'n groot uitdaging voor in hierdie laaste dae…

Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie sal uitgekap word en in die vuur gegooi word – laat ons dan vrugte dra wat by die bekering pas.

As daar ooit iets is wat 'n praktiese uitwerking vereis, dan is dit die Evangelie. Die Here sê: 'Jy sal 'n boom aan sy vrugte ken'.